

30 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 116
Fokusgedeelte: Psalm 116:1

Wees lief vir die Here!

In die Psalms lees ons baie dikwels van God se liefde vir sy kinders en vir sy volk. Hy beskerm en red hulle in groot liefde. Ons hoor egter minder dikwels dat die gelowige digters hulle liefde vir die Here openlik uitspreek. Die digter van Psalm 116 begin egter daarmee: "Ek het die Here lief." Kan jy dit in jou hart opreg saam met hom sê? Jesus het op `n keer gesê die grootste en eerste gebod is om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand (Matt 22:37). Dit was `n werklikheid in die lewe van die digter van Psalm 116 wat openlik kon getuig: "Ek het die Here lief."

Is jy werklik lief vir God? Dis `n vraag wat die apostel Petrus drie keer teenoor Jesus moes beantwoord: "Het jy My lief?" (Joh 21:15-17). Is God die eerste liefde in jou lewe? Het jy Hom lief bo alle ander mense en dinge in jou lewe?

Ons kan die Here net liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het. In groot liefde het God sy Seun na `n sondige wêreld gestuur om vir al ons sondes aan die kruis te kom betaal. In groot liefde reik God na ons uit en maak ons nuwe mense deur die krag van die Heilige Gees. In groot liefde red die Here ons van ons sondedood. Ander kere ervaar ons sy reddende liefde ook op ander maniere in ons lewe: Jy het `n groot motorongeluk wonderbaarlik oorleef; jy is genees na `n ernstige siekte of jy het bly leef na `n motorkaping, `n rooftog of inbraak.

Dink bietjie in stilte na oor God se liefde vir jou en beantwoord dit opnuut vandag met `n hart en lewe vol liefde vir Hom!

Sing: Psalm 18:1

Ds L du P van der Vyver (Silverton)